BURGER (Kaap), Saterdag Netads 24.com
Saturday, 15 November 2008, p. 28

[PROMOSIE]

# Pa en seun se harde werk werp vrugte af

Harde werk was die moeite werd vir 'n pa en seun toe hulle die gesogte Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) se Design Excellence-toekenning losgeslaan het.

Die omgewingsvriendelike liasseer-eenheid, die Orga-8 en Orga-5, wat deur die pa-en-seun-span mnre. Arnold en Adrian van Wijk ontwerp is, het loshande gewen.

Die Van Wijks is 'n week gelede by 'n dinee in Sandton vereer vir hul poging om 'n wêreldklas-produk te vervaardig.

Van Wijk senior is die eienaar van 'n maatskappy, Orgafile, wat die produk verkoop.

Dit het ses jaar geneem om 'n produk te vervaardig wat van herwonne materiale gemaak is.

Die SABS Design Excellence-toekenning erken en bevorder uitstaande inheemse ontwerpe en die Van Wijks was onder die wenners wat met vanjaar se toekenning weggestap het. Van die wen-inskrywings is van die beste ontwerpe wat uit Suid-Afrika kom.

"Die bevordering van internasionale mededingende ontwerpe sal help om die Suid-Afrikaanse ekonomie te laat groei," het prof. Ian Jandrell, hoof van die skool van elektriese en elektroniese ingenieurswese by die Universiteit van Witwatersrand en hoof-beoordelaar van die SABS Design Excellence-toekenning, gesê.

Prof. Jandrell glo vandag se innoveerders kan môre se uitvoerders word, en hulle behoort eerder produkte van wêreldklas-gehalte te skep sodat hulle met internasionale markte kan meeding.

Hy is al tien jaar op die beoordelaarspaneel en het gesê: "Die Orga-8 en Orga-15 is waardige wenners en het die paneel vir 'n aantal redes beïndruk.

"Ons het gehou van die hergebruikte materiale en die briljante, slim ontwerp.

"Jy kan sien hulle het die produk goed beplan en dit met vasberadenheid aangepak. Jy kan dit agterkom aan hoe die produk lyk en voel."

Volgens hom het die wenners verstaan wat dit behels om 'n goeie idee in 'n wêreldprodukte te omskep.

Die Van Wijks het ook verlede jaar internasionale erkenning gekry toe hulle die ontvangers van die Canada Design Awards was. Van Wijk senior se maatskappy, Orgafile, is ook benoem vir vanjaar se Cape Talk Small Business Awards.

**Prof. Ian Jandrell (links), paneelvoorsitter van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) se Design Excellence-toekenning, staan hier by die wenners van die prys, mnre. Adrian van Wijk (naaslinks), Arnold van Wijk en Roelf Mulder (regs).** **Foto: VERSKAF**

Die liasseer-eenheid het besondere kenmerke soos buigbaarheid, en dit is in verhouding.

Van Wijk senior is 'n veteraan-sakeman in Suid-Afrika se liasseer-bedryf en het gehelp om die land se oudste en grootste liasseermaatskappy, Optiplan, op die been te bring. Hy het dié maatskappy in die negentigerjare verkoop.

Hy het sy aftreejare aan die vervaardiging van die liasseer-eenhede bestee, in samewerking met sy seun, wat 'n industriële ontwerper is.

"Dit voel fantasties om plaaslike erkenning te kry ná al die jare," het Van Wijk senior gesê.

"Ek het geglo in wat ons wil bereik met die produk en met dié erkenning kan almal die waarde sien wat ons met die produk bereik het.

"Ek hoop die publiek kan met die SABS ooreenstem dat wat ons aanbied, anders is as wat reeds op die mark is."

Die eenheid verskil van die gewone staaleenheid waarmee die meeste mense bekend is, in dié opsig dat dit uit afsonderlike laaie bestaan en aangekoop kan word na gelang van die eienaar se behoeftes.

Die Van Wijks se ontwerp bevat ook omgewingsvriendelike materiale.

"Dit is gemaak uit klaargebruikte tegnologiese hout en houtvesel. Die materiaal bevat geen giftige materiale nie, wat dit veiliger maak om by die huis te gebruik."

Van Wijk junior, wat die ontwerpproses gelei het, het 'n passie vir omgewingsvriendelike ontwerpe.

"Omgewingsvriendelike tegnologie sal in die toekoms meer bekostigbaar word, maar tans belê maatskappye steeds in die ou tegnologie wat ekonomies sin maak en 'n lae risiko is," verduidelik Van Wijk junior.

"Dit neem altyd 'n pionier om die weg te baan vir ander, en die risikos en kostes van innovering te dra – en dís wat ons met die produkte dra.

"My pa en ek het altyd geglo in ons liasseer-oplossing, en met sy sakevernuf en my ontwerpvaardighede het ons ons doel suksesvol bereik."

Besoek www.orgafile.com vir meer inligting.